



Stories at home

Reading and telling stories can be two of the most satisfying activities for children, especially if they are stuck inside to keep safe, or because it is raining or they are sick. The magic of books and stories will let them go on adventures and visit different places without leaving home.

Reading to our children shows them that reading can be enjoyable and entertaining. This motivates them to read more and more. And this is how they develop a lifelong relationship with books and reading!



Stories by die huis

Lees en die vertel van stories kan twee van die bevredigendste aktiwiteite vir kinders wees, veral as hulle weens veiligheidsredes moet binne bly of as dit reën of hulle siek is. Die betowering van boeke en stories neem hulle op avonture en laat hulle na verskillende plekke reis sonder om ooit die huis te verlaat.

Wanneer ons vir ons kinders lees, wys ons vir hulle dat lees lekker en vermaaklik kan wees. Dit motiveer hulle om meer en meer te lees. En dit is hoe hulle 'n lewenslange band met boeke en lees vorm!

PLAY WITH STORIES

Helping children understand how stories work, can be fun. When they act out a story in their own way, they deepen their understanding of it. Here are some ideas for playing with stories.

- ★ After reading or listening to a story, encourage your children to act it out. Let them choose which character they want to be. Then help them find hats, jackets and other clothes to dress up as the characters. Find ways to create different story props, for example, place chairs one behind the other, like seats on a bus or taxi. Let the children use their own words to act out the story.
- ★ With your children, listen to an audio story from the "Story resources" section of the Nalibali's website (www.nalibali.org). Let your children listen carefully to how the actors use their voices to show their feelings.

SPEEL MET STORIES

Dit kan pret wees om kinders te help verstaan hoe stories werk. Wanneer hulle 'n storie op hul eie manier opvoer, verstaan hulle dit beter. Hier is 'n paar idees oor hoe om met stories te speel.

- ★ Moedig jou kinders aan om 'n storie op te voer nadat julle dit gelees of daarna geluister het. Laat hulle kies watter karakter hulle wil wees. Help hulle dan om hoede, baadjies en ander kleres te vind wat hulle kan aantrek om soos die karakters te lyk. Vind maniere om verskillende rekwisiete vir stories te skep, deur byvoorbeeld stoele agter mekaar te pak, soos sitplekke op 'n bus of in 'n taxi. Laat die kinders hulle eie woorde gebruik om die storie op te voer.
- ★ Luister saam met jou kinders na 'n oudioverhaal in die "Story resources"-afdeling op die Nalibali-webwerf (www.nalibali.org). Laat jou kinders goed luister hoe die akteurs hul stemme gebruik om hul gevoelens te wys.

CREATE STORIES

Let your children create stories by changing a story they know, in one of these ways.

- ★ Let them make up a different ending for their favourite story.
- ★ Ask them to add a new character or event to a story. The character or event should fit in with the rest of the story.
- ★ They can also use the characters from a story to create a new story of their own.



SKEP STORIES

Laat jou kinders stories skep deur 'n storie wat hulle ken, op een van die volgende maniere te verander.


- ★ Laat hulle 'n ander einde vir hul gunstelingstorie opmaak.
- ★ Vra hulle om 'n nuwe karakter of gebeurte by 'n storie te voeg. Die karakter of gebeurte moet inpas by die res van die storie.
- ★ Hulle kan ook die karakters in 'n storie gebruik om 'n nuwe storie van hul eie op te maak.



Draw, write, tell

When children are able to do the following things after reading a story, it shows that they have understood what they read.

- ★ They are able to draw a picture about something that happened in the story.
- ★ They can write something that is linked to the story, such as a poem, a letter or a diary entry.
- ★ They can retell the story using their own words.



Teken, skryf, vertel

Wanneer kinders die volgende dinge kan doen nadat hulle 'n storie gelees het, wys dit dat hulle verstaan wat hulle gelees het.

- ★ Hulle kan 'n prent teken van iets wat in die storie gebeur het.
- ★ Hulle kan iets skryf wat verband hou met die storie, soos 'n gedig, 'n brief of 'n dagboekinskrywing.
- ★ Hulle kan die storie in hul eie woorde oortel.



Drive your
imagination



IT STARTS WITH
A STORY.
DIT BEGIN MET
'N STORIE.

Get creative!

When your children's school or preschool is closed, do you sometimes wonder how to keep your children learning while they have fun? Don't worry – this is a great opportunity to grow the culture of reading and writing in your home!

But what happens if you run out of stories to read? Well, we all have lots of our own stories to tell. And because stories are best when they are shared, a story that is written together with others is a great way to share a story! Follow the steps below to create a story with your children.

1. Together, make a list of what the story could be about. Get ideas from pictures, poems, stories you have read or something that has happened to you.
2. Choose one idea to use for your story.
3. Talk about the characters you will have in your story. Stories usually have a few characters, but there is always a main character. The main character could be:
 - ★ a special or an ordinary person
 - ★ young or old
 - ★ male or female
 - ★ a human, an animal or a make-believe character, like an alien or a dragon.



4. Decide how your story begins and then what happens next. All stories need a beginning, a middle and an ending. Include things in your story that would make it interesting to read or listen to.
5. Use interesting language to describe what the characters see, hear, smell, taste and touch.
6. Your story needs a series of steps that build up to a big surprise or discovery. This is the part of the story that makes a reader or listener think, "Wow!"
7. After this, you need to find a way for your story to end well. Good stories have satisfying endings!
8. Once you are happy with your story, give it a title.
9. Have fun telling your story or turn your story into a book by writing down the words and drawing pictures. For help with making your own storybook, download Edition 161 from the "Story resources" section of our website (www.nalibali.org).

Wees kreatief!

Wonder jy soms hoe jy jou kinders op 'n prettige manier aan die leer kan hou wanneer hul skool of kleuterskool gesluit is? Moenie bekommerd wees nie – dit is 'n wonderlike geleentheid om die lees- en skryfkultuur in jou huis aan te wakker!

Maar wat gebeur wanneer jy nie meer stories het om te lees nie? Wel, ons het almal talle van ons eie stories om te vertel. En omdat stories die beste is wanneer ons hulle deel, is 'n storie wat saam met ander geskryf word 'n wonderlike manier om 'n storie te deel! Volg die stappe hieronder om 'n storie saam met jou kinders te skep.

1. Besluit saam op 'n paar idees waaroor die storie moontlik kan gaan. Kry idees uit prente, gedigte, stories wat julle gelees het, of iets wat met julle gebeur het.
2. Kies een idee om vir die storie te gebruik.
3. Gesels oor die karakters vir julle storie. Stories het gewoonlik 'n paar karakters, maar daar is altyd 'n hoofkarakter. Die hoofkarakter kan die volgende wees:
 - ★ 'n spesiale of 'n gewone mens
 - ★ jonk of oud
 - ★ manlik of vroulik
 - ★ 'n mens, dier, of 'n denkbeeldige karakter, soos 'n ruimtewese of 'n draak.

4. Besluit hoe die storie gaan begin en wat daarna gebeur. Alle stories het 'n begin, middel en einde nodig. Sluit dinge by jou storie in wat dit interessant sal maak om te lees of na te luister.
5. Gebruik interessante taal om te beskryf wat die karakters sien, hoor, ruik, proe en aanraak.
6. Jou storie het 'n reeks stappe nodig wat opbou na 'n groot verrassing of ontdekking. Dit is die deel van die storie wat 'n leser of luisteraar laat dink: "Sjoe!"
7. Hierna moet jy 'n manier vind om jou storie goed te laat eindig. Goeie stories het bevredigende eindes!
8. Gee vir jou storie 'n titel wanneer jy tevrede is daarmee.
9. Geniet dit om jou storie te vertel, of verander jou storie in 'n boek deur die woorde neer te skryf en prente te teken. Vir wenke oor hoe om jou eie storieboek te maak, laai Uitgawe 161 van die "Story resources"-afdeling op ons webwerf af (www.nalibali.org).



Drive your
imagination


Start a reading club at home

Nal'ibali has lots of resources and advice to help you bring stories and reading to life in your home.

- ✓ **Advice:** To help you get going, go to the "Story sharing" section of our website (www.nalibali.org). Click on the "How to guides" and scroll down to "Story power guides". Download the guide called, *Helping children read and write at home*. This guide is available in all 11 official South African languages. It is filled with ideas for sharing books and stories, getting your children writing and starting a reading club at home. For more tips and guidance on reading and writing with children of different ages, also have a look at our other "How to guides".
- ✓ **Story resources:** Enjoy hundreds of free downloadable stories in all 11 official South African languages. There are multilingual stories, rhymes and story cards in the "Story resources" section of our website (www.nalibali.org). You can also use the "Story seeds" in this section to inspire your children to create their own stories!

✓ **Audio stories:** Our audio stories are excellent for children to listen to when you are busy with something else. Listening to stories expands children's imaginations and helps them to experience stories that they may not yet be able to read on their own. You can find audio stories in the "Story resources" section of our website.

✓ **Activities:** Let your children have fun while they practise and develop their reading and writing skills. Download and print our free tip sheets and activity sheets from the "Story sharing" section of our website.



Begin 'n leesklub by die huis

Nal'ibali het talle hulpbronne en advies om jou te help om stories en lees in jou huis lewendig te maak.

- ✓ **Advies:** Om jou te help om aan die gang te kom, gaan na die "Story sharing"-afdeling van ons webwerf (www.nalibali.org). Klik op die "How to guides" en rol af tot by "Story power guides". Laai die gids met die volgende titel af: *'n Gids om kinders tuis te help lees en skryf*. Hierdie gids is beskikbaar in al 11 amptelike Suid-Afrikaanse tale. Dit is propvol idees oor hoe om boeke en stories te deel, hoe om jou kinders aan die skryf te kry en hoe om 'n leesklub by die huis te begin. Vir meer wenke en riglyne oor lees en skryf saam met kinders van verskillende ouderdomme, kyk gerus ook na ons ander "How to guides".

✓ **Storiehulpbronne:** Geniet honderde gratis stories wat afgelaai kan word in al 11 amptelike Suid-Afrikaanse tale. Daar is veeltalige stories, rympies en storiekaarte in die "Story resources"-afdeling op ons webwerf (www.nalibali.org). Jy kan ook die "Story seeds" in hierdie afdeling gebruik om jou kinders te inspireer om hul eie stories te skep!

✓ **Oudioverhale:** Ons oudioverhale is uitstekend vir kinders om na te luister wanneer jy besig is met iets anders. Om na stories te luister, prikkel kinders se verbeelding en help hulle om stories te ervaar wat hulle dalk nog nie op hul eie kan lees nie. Jy kan oudioverhale in die "Story resources"-afdeling op ons webwerf vind.

✓ **Aktiwiteite:** Laat jou kinders pret hê terwyl hulle hul lees- en skryfvaardighede oefen en ontwikkel. Laai ons gratis wenkblaie en aktiwiteitsblaie van die "Story sharing"-afdeling op ons webwerf af en druk dit uit.



Dear Na'ibali

Earlier this year, when schools were closed because of the coronavirus, I was worried about how to keep my two children from getting bored. I went on the Na'ibali website and found lots of ideas, so I decided to make a reading corner in our house. I put some colourful cushions in a corner of the lounge. Then I put some magazines, books and story cards that I printed from your website in the corner too. I went there to read a few times and was very happy to see my children reading there too! They love the reading corner so much that it has become a permanent feature in our home. Thank you, Na'ibali!

Bongi Dlamini, Welkom

Dear Bongi

It is wonderful to hear that you have made a place for books and stories in your home. There is really nothing better than for families to read together!

The Na'ibali Team



Dear Na'ibali ... Beste Na'ibali ...

WRITE TO US! SKRYF AAN ONS!

The Na'ibali Supplement
The Na'ibali Trust
Suite 17-201, Building 17
Waverley Business Park
Wycroft Road
Mowbray
7700
info@nalibali.org



Beste Na'ibali

Vroeër in die jaar, toe skole gesluit is as gevolg van die koronavirus, was ek bekommerd dat my twee kinders verveeld sou raak. Ek het die Na'ibali-webwerf besoek en baie idees gekry, en toe besluit om 'n leeshoekie in ons huis in te rig. Ek het kleurvolle kussings in 'n hoek van die sitkamer gepak. Toe het ek tydskrifte, boeke en storiekaarte wat ek van jul webwerf uitgedruk het, ook in die hoekie gesit. Ek het 'n paar keer daar gaan sit en lees en was baie bly om my kinders ook daar te sien lees! Hulle hou so baie van die leeshoekie dat ek dit permanent so gaan los. Dankie, Na'ibali!

Bongi Dlamini, Welkom

Beste Bongi

Dis wonderlik om te hoor dat jy 'n plek vir boeke en stories in jou huis gemaak het. Daar is werklik niks beter vir gesinne as om saam te lees nie!

Die Na'ibali-span

Dear Na'ibali

Here is my review of *What's at the park?* (in Edition 164) by David Mann and Jess Jardim-Wedepohl.

The story is about a little girl called Zoey, who loves going to the park with her grandmother. Zoey is able to see many things at the park, while her granny is able to hear many things. The author wrote, "Granny needs glasses to see. But she can hear very well." While they are at the park Granny hears a loud sound and Zoey tells her it is a dog. The dog is dirty and smelly. The dog follows them to their house, and Zoey washed it.

This story is similar to the one called *Dog* (in Edition 161) that tells us how dogs started living with humans. The book is a good book because it teaches us to help each other and love one another.

Palesa Banda



Beste Na'ibali

Hier is my resensie van *Wat is in die park?* (in Uitgawe 164) deur David Mann en Jess Jardim-Wedepohl.

Hierdie storie gaan oor 'n dogtertjie met die naam Zoey, wat graag saam met haar ouma park toe gaan. Zoey kan baie dinge in die park sien, terwyl haar ouma baie dinge kan hoor. Die skrywer skryf: "Ouma het 'n bril nodig om te sien. Maar sy kan baie goed hoor." Terwyl hulle in die park is, hoor Ouma 'n harde geluid en Zoey sê vir haar dat dit 'n hond is. Die hond is vuil en stink. Die hond loop agter hulle aan na hul huis toe en Zoey bad die hond.

Hierdie storie is baie soos die storie *Hond* (in Uitgawe 161) wat vir ons vertel hoe honde by mense kom woon het. Die boek is 'n goeie boek, want dit leer ons om mekaar te help en lief te wees vir mekaar.

Palesa Banda



Create TWO cut-out-and-keep books

I found a puppy!

1. Tear off page 9 of this supplement.
2. Fold the sheet in half along the black dotted line.
3. Fold it in half again along the green dotted line to make the book.
4. Cut along the red dotted lines to separate the pages.

Goldilocks and the three rhinos

1. To make this book use pages 5, 6, 7, 8, 11 and 12.
2. Keep pages 7 and 8 inside the other pages.
3. Fold the sheets in half along the black dotted line.
4. Fold them in half again along the green dotted line to make the book.
5. Cut along the red dotted lines to separate the pages.



Maak TWEE knip-uit-en-bêreboekies

Ek vind 'n babahondjie!

1. Skeur bladsy 9 van hierdie bylae af.
2. Vou die bladsy in die helfte op die swart stippellyn.
3. Vou dit weer in die helfte op die groen stippellyn om die boek te maak.
4. Knip op die rooi stippellyn om die bladsye te skei.


Gouelokkies en die drie renosters

1. Om hierdie boek te maak, gebruik bladsye 5, 6, 7, 8, 11 en 12.
2. Hou bladsye 7 en 8 binne-in die ander bladsye.
3. Vou die velle in die helfte op die swart stippellyn.
4. Vou dit weer in die helfte op die groen stippellyn om die boek te maak.
5. Knip op die rooi stippellyn om die bladsye te skei.



Drive your
imagination

Maar ... KRAAK, BREEK!!! Die stoel breek in stukke.
“O, nee! Nou is ek in die moeilikheid! Ek beter wag totdat iemand huis toe kom. Dan kan ek vir hulle sê hoe jammer ek is dat ek die klein stoeltjie gebreek het,” sê Gouelokkies.



But ... CRACK CRASH!!! The chair broke into pieces.
“Oh, oh! Now I’m in trouble! I’d better wait for someone to come home. Then I can tell them I’m sorry I broke the little chair,” said Goldilocks.

Gouelokkies loer by die volgende kamer in. Daar is drie beddens: ’n groot bed, ’n middelslag bed en ’n klein bedjie.



Goldilocks peeped into the next room. There were three beds: a big bed, a medium-sized bed, and a little bed.



We publish what we like

This is an adapted version of *Goldilocks and the three rhinos* published by Jacana Media and available in bookstores and online from www.jacana.co.za. This story is available in English, Afrikaans, isiXhosa and isiZulu. Jacana publishes books for young readers in all eleven official South African languages. To find out more about Jacana titles go to www.jacana.co.za.

Hierdie is ’n aangepaste weergawe van *Gouelokkies en die drie renosters*, uitgegee deur Jacana Media en beskikbaar in boekwinkels en aanlyn by www.jacana.co.za. Hierdie storie is beskikbaar in Engels, Afrikaans, isiXhosa en isiZulu. Jacana publiseer boeke vir jong lesers in al elf amptelike Suid-Afrikaanse tale. Om meer uit te vind oor Jacana-titels, gaan na www.jacana.co.za.

© Jacana Media (World rights) Tel: 011 628 3200

Nal’ibali is a national reading-for-enjoyment campaign to spark and embed a culture of reading across South Africa. For more information, visit www.nalibali.org or www.nalibali.mobi



Nal’ibali is ’n nasionale lees-vir-genot veldtog. Dit wil ’n leeskuilteer regoor Suid-Afrika laat vlam vat en vaslê. Vir meer inligting, besoek www.nalibali.org of www.nalibali.mobi



Drive your imagination

Goldilocks and the three rhinos Gouelokkies en die drie renosters



Joan Rankin
Marlise Joubert


Then she sat on the medium-sized chair. "Too soft!" she said.

Toe gaan sit sy op die middelslag stoel. "Te sag!" sê sy.



So she sat on the little chair and it was just right. "Just right!" said Goldilocks.

Toe gaan sit sy op die klein stoeltjie en dit is net reg. "Net reg!" sê Gouelokkies.



"I wonder whose big bed this is," thought Goldilocks, lying down.


But the big bed was no good. "Too bouncy!"

"Ek wonder wie se groot bed hierdie is," dink Gouelokkies terwyl sy gaan lê.

Maar die groot bed is glad nie gemaklik nie. "Te springerig!"

Then she lay down on the medium-sized bed. "Too squashy!"

Toe gaan lê sy op die middelslag bed. "Te papperig!"



Once upon a time three rhinos lived in a house in the forest. The small rhino was called Baby Rhino. The medium-sized rhino was called Mama Rhino and the big rhino was called Daddy Rhino.




Eens op 'n tyd was daar drie renosters wat in 'n klein huisie in die woud gewoon het. Die klein renostertjie se naam was Baba Renoster. Die middelslag renoster se naam was Mamma Renoster en die groot renoster se naam was Pappa Renoster.

Then Mama Rhino and Daddy Rhino shared their porridge with Baby Rhino and they never saw Goldilocks ever again!



Toe deel Mamma Renoster en Pappa Renoster hulle pap met Baba Renoster en hulle het nooit ooit weer vir Gouelokkies gesien nie!

“Net reg,” gaap Gouelokkies en sy raak vas aan die slaap!
En toe gaan lê sy op die klein bedjie en dit is net reg.



So she lay down on the little bed and it was just right.
“Just right,” yawned Goldilocks and she fell fast asleep!



Goldilocks woke up with a fright. She saw the three rhinos and jumped out of bed.

Gouelokkies skrik wakker. Sy sien die drie renosters en spring uit die bed.

She climbed out the window. And then, without even saying sorry ... she raced out of the house and all the way home.

Sy klim deur die venster.
En dan, sonder om eens jammer te sê ... hardloop sy vinnig weg tot by haar huis.



“Te hard!” sê sy.
“Ek wonder wie se groot stoel hierdie is,” dink Gouelokkies en gaan sit. Maar die groot stoel is glad nie gemaklik nie.
“Too hard!” she said.
“I wonder whose big chair this is,” thought Goldilocks, sitting down. But the big chair was no good.

One day, Baby Rhino woke up very hungry. Their porridge was still too hot to eat. “Let’s go for a walk in the forest while it cools,” said Mama Rhino.



Op ’n dag word Baba Renoster baie honger wakker. Hulle pap was nog te warm om te eet. “Kom ons gaan stap in die woud terwyl dit afkoel,” sê Mamma Renoster.



Goldilocks saw three
chairs: a big chair, a
medium-sized chair,
and a little chair.

Toe sien Gouelokkies drie stoel:
'n groot stoel, 'n middelslag stoel
en 'n klein stoeltjie.



When the three rhinos came home, they were surprised
to find the door open.
Toe die drie renosters by die huis kom, is hulle verras om
die deur oop te vind.

While the three rhinos were out walking, a little girl
came to the house. Her name was Goldilocks and
she was NOT supposed to be in the forest alone, but
Goldilocks didn't always do as she was told.




Terwyl die drie
renosters in die
woud stap, kom
daar 'n klein dogtertjie
by hul huis aan. Haar naam was
Gouelokkies en sy was NIE veronderstel
om alleen in die woud te wees nie, maar
Gouelokkies het nie altyd gemaak soos
daar vir haar gesê is nie.

"Someone's been sleeping on my bed
and HERE


**SHE
IS!"**

wailed Baby Rhino in his small,
little voice.



"Iemand het op my bed geslaap
en HIER
**IS
SY!"**

kerm Baba Renoster in sy dun,
klein stemmetjie.



This wordless picture book can be used to create many different stories in any language you know.



Hierdie prentboek sonder woorde kan gebruik word om talle verskillende stories te skep in enige taal wat jy ken.

Nal'ibali is a national reading-for-enjoyment campaign to spark and embed a culture of reading across South Africa. For more information, visit www.nalibali.org or www.nalibali.mobi



Nal'ibali is 'n nasionale lees-vir-genot veldtog. Dit wil 'n leeskultuur regoor Suid-Afrika laat vlam vat en vaslê. Vir meer inligting, besoek www.nalibali.org of www.nalibali.mobi





Drive your imagination

I found a puppy! Ek vind 'n babahondjie!



Jude Daly
Alzette Prins





“WHO’S BEEN EATING MY PORRIDGE?” roared Daddy Rhino in his great, big voice.

“WHO’S BEEN EATING MY PORRIDGE?” shouted Mama Rhino in her medium-sized voice.

“Who’s been eating my porridge and EATEN IT ALL UP!” wailed Baby Rhino in his small, little voice.

“WIE HET AAN MY PAP GEPROE?” brul Pappa Renoster in sy groot, diep stem.

“WIE HET AAN MY PAP GEPROE?” roep Mamma Renoster in haar sagte, strelende stem.

“Wie het aan my pap geproe en DIT ALLES OPGEEET!” kerm Baba Renoster in sy dun, klein stemmetjie.



The three rhinos looked into their bedroom.

“WHO’S BEEN SLEEPING ON MY BED?” roared Daddy Rhino in his great, big voice.


“WHO’S BEEN SLEEPING ON MY BED?” shouted Mama Rhino in her medium-sized voice.



Die drie renosters kyk in hulle slaapkamer.

“WIE HET OP MY BED GESLAAP?” brul Pappa Renoster in sy groot, diep stem.

“WIE HET OP MY BED GESLAAP?” roep Mamma Renoster in haar sagte, strelende stem.



“Oh, oh!” thought Goldilocks. “I’d better wait for someone to come home. Then I can tell them how hungry I was.”

“O, gits!” dink Gouelokkies. “Ek beter wag totdat iemand huis toe kom. Dan kan ek hulle vertel hoe honger ek was.”

“I’m hungry,” thought Goldilocks, and she knocked on the door. No one answered so she pushed the door open.

She saw three bowls of porridge steaming on the table: a big bowl, a medium-sized bowl, and a little bowl.

“Ek is honger,” dink Gouelokkies, en sy klop aan die deur. Niemand antwoord nie, en dus maak sy die deur oop.



Sy sien drie bakkies stomende pap op die tafel: ’n groot bak, ’n middelslag bak en ’n klein bakkie.



Ugh! The porridge in the medium-sized bowl was too runny.

Ugh! Die pap in die middelslag bak is te slap.

Ugh! Die pap in die groot bak is te styf.

“Ek gaan net so ’n klein bietjie proe,” sê Gouelokkies vir haarself.

Ugh! The porridge in the big bowl was too stiff.

“I’ll just have a little taste,” said Goldilocks to herself.



But the porridge in the little bowl was just right.

“Just right,” said Goldilocks and she ate the whole lot.

Maar die pap in die klein bakkie is net reg.

“Net reg,” sê Gouelokkies en sy eet alles op.



“Wie het op my stoel gesit en DIT GEBREEK!” kerm Baba Renoster in sy dun, klein stemmetjie.

“Who’s been sitting on my chair and **BROKEN IT!**” wailed Baby Rhino in his small, little voice.



Then Daddy Rhino noticed the three chairs.

“**WHO’S BEEN SITTING ON MY CHAIR?**” roared Daddy Rhino in his great, big voice.

“**WHO’S BEEN SITTING ON MY CHAIR?**” shouted Mama Rhino in her medium-sized voice.

Toe sien Pappa Renoster die drie stoele.

“**WIE HET OP MY STOEL GESIT?**” brul Pappa Renoster in sy groot, diep stem.

“**WIE HET OP MY STOEL GESIT?**” roep Mamma Renoster in haar sagte, strekende stem.

Get story active!

Here are some activities for you to try. They are based on all the stories in this edition of the Nal'ibali Supplement: *Goldilocks and the three rhinos* (pages 5, 6, 7, 8, 11 and 12), *I found a puppy!* (pages 9 and 10) and *Kalahari concert* (page 14).

Goldilocks and the three rhinos

Look at these pictures from *Goldilocks and the three rhinos*. Number the pictures so that they match the order in which things happen in the story. Now use the pictures to retell the story.















I found a puppy!

- ★ Use the pictures in this book to tell your own story.
- ★ Add a new ending to the story by drawing a picture.
- ★ Write a dialogue for the story. Give each character a name and write down what they say.



Ek vind 'n babahondjie!

- ★ Gebruik die prente in hierdie boek om jou eie storie te vertel.
- ★ Voeg 'n nuwe einde by die storie deur 'n prent te teken.
- ★ Skryf 'n dialoog vir die storie. Gee vir elke karakter 'n naam en skryf neer wat hulle sê.

Kalahari concert

- ★ Make an animal mask. Use a paper plate or piece of cardboard as well as fabric, wool, string, glue, paint, crayons and any other materials to make a mask of one of the animals in the story. When you have drawn and decorated the animal's face, cut holes in the mask for you to look through. Tie some string or wool to the sides of the mask. Then tie the strings around your head to hold the mask in place. Use your mask to act out the story.
- ★ Draw a picture of your favourite animal from the story. Can you write about why this animal is your favourite?



Kalahari-konsert

- ★ Maak 'n dieremasker. Gebruik 'n papierbord of 'n stuk karton asook materiaal, wol, tou, gom, verf, kryte en enige ander materiaal om 'n masker van een van die diere in die storie te maak. Wanneer jy die dier se gesig geteken en versier het, knip gate in die masker waardeur jy kan kyk. Bind tou of wol aan die kante van die masker vas. Bind dan die toutjies om jou kop vas om die masker in plek te hou. Gebruik jou masker om die storie op te voer.
- ★ Teken 'n prent van jou gunstelingdier in die storie. Skryf 'n paar sinne oor hoekom hierdie dier jou gunsteling is.



Drive your
imagination



Kalahari concert

By Jenny Robson ■ Illustrations by Vian Oelofsen



It had been a long dry season. The sun beat down day after day. Not a cloud drifted in the pale sky. And the waterhole had shrunk smaller and smaller, until it was just a patch of dried mud.

"This is awful!" said Gorata Giraffe bending her long neck.

"We are so thirsty," wailed Itseng Impala. All her cousins nodded their tiny horns.

"And we're hot and cross!" added Kgosi Kudu. All *his* cousins nodded their long curly horns.

"What a disaster!" shouted Moses Monkey. But his monkey friends were too busy arguing and fighting to hear him.

Rosie Rhino stayed quiet. She stood beside a thorn-tree. But the thorn-tree was thin. It had no leaves. So there was no shade for her enormous body.



Wise Mama Elephant looked at all the sad faces. She felt very sad for the animals. She knew it was still many, many weeks before the first rains would fall. How could she cheer them up? That's when she had a wise idea.

"A concert!" announced Mama Elephant. "Yes, we will hold a Kalahari concert!"

The mood changed at once. Everyone forgot about being hot and thirsty. They were too busy planning their acts for the concert.

"The impalas will put on a play," said Itseng. "It will be about family – about how lovely it is to have lots of cousins and aunts and uncles!"

"Moses and I will do an acrobatic show," said Gorata. "Moses can do amazing tricks climbing up my neck and sliding down again."

The other monkeys wanted to tell jokes. There were arguments while they decided who their best joke-teller was.

Mama Elephant trumpeted above the noisy monkeys, "My sister and I will play some music with our trunks. And you, Rosie? What will you do in our Kalahari concert?"

Beside the thorn-tree, Rosie felt shy. There was only one thing she wanted to do, only one thing she dreamed of.

"Ballet," she answered softly. "Ballet-dancing!"

"Ballet?" echoed everyone.

The monkeys fell about laughing, holding their tummies, their long tails twitching this way and that. "Ballet? A great big lump like that and she wants to be a ballerina! That will be the best joke of the night!" said the cheekiest monkey.

But Mama Elephant paid no attention to them. "Off you go, everyone," she said. "You all need to go and practise. Our concert will start at sundown."

Rosie went to her secret place behind the granite rocks. She knew tonight she would amaze everyone. She was going to perform a ballet step called a *jeté*. But a *jeté* was

difficult! She had to take a short run and then leap high in the air, as high as she could. She had to leap as if her body were light as a feather. And then she had to land on her front feet, gently and gracefully.

All afternoon, Rosie practised. By the time the rocks turned red from the setting sun, she knew her *jeté* was perfect. Yes, the animals would be amazed! They would never laugh at her again!

As the first stars appeared, the animals gathered on the plain.

Bad-tempered Baboon was the announcer because his voice was the loudest. "Ladies and gentlemen, here is the first act of our show: Mama and Sisi Elephant playing a kwaito number on their trunks."

The animal audience clapped and cheered. Then they fell silent as the elephant sisters began their powerful music. It wasn't long before everyone was moving to the music and when the song finished, there was more clapping and cheering.

"Next, some monkey jokes," boomed Bad-tempered Baboon.

Some of the monkey jokes were funny, some of them were not. And some of them were just confusing. Still, the animals clapped and cheered for the monkeys.

The animals were feeling better now. They had forgotten about being hot and thirsty. They were waiting for Rosie to do her ballet. That would surely be the funniest sight ever!

At last, after the Impala family's play and the acrobatics from Gorata and Moses, Bad-tempered Baboon announced, "And now, the final act of our Kalahari concert – our very own ballerina, Rosie Rhino!"

Onto the stage stepped Rosie. She had wildflowers tucked behind her ears. She had some pink material, that sort of looked like a skirt, tied around her large tummy.

"Go, Rosie, go!" the audience yelled. The monkeys were falling about, laughing again.

Rosie didn't care – her dream was coming true. To prepare for her *jeté*, she took a short run and launched herself into the air as high as she could. For a brief moment, she felt as if she were flying, light as a feather. Then down she came, not gently or gracefully, but with a massive, enormous, crashing *THUMP!* The ground shook like an earthquake.



Everyone stopped laughing.

In silence, they stared at the spot where Rosie had landed. There was a huge hole in the ground now. And then ... then, the most wonderful, most glorious, most amazing thing happened. Out of the hole gushed a fountain of water – clean, sparkling, fresh underground water!

The animals rushed forwards, feeling the coolness on their skins, drinking down great gulps of water.

"Thank you, Rosie!" they shouted in between mouthfuls. "You are the best, most wonderful, most amazing ballerina ever!"

And not one of them even thought about laughing!



Drive your
imagination



Kalahari-konsert

Deur Jenny Robson ■ Illustrasies deur Vian Oelofsen



Dit was 'n lang droë seisoen. Die son bak steeds dag na dag neer. Daar is nie 'n wolkie in die vaal lug nie. En die watergat het kleiner en kleiner gekrimp tot daar nou net 'n droë modderkol oor is.

"Dis verskriklik!" sê Gorata Kameelperd en buig haar lang nek.

"Ons is so dors," kerm Itseng Rooibok. Al haar niggies knik met hul klein horinkies.

"En ons is warm en kwaad!" voeg Kgosi Koedoe by. Al sy neefs knik hul lang krulhorings.

"Wat 'n ramp!" skree Moses Apie. Maar sy aapmaats is veels te besig om te stry en te baklei en hoor hom glad nie.

Rosie Renoster bly doodstil. Sy staan langs 'n doringboom. Maar die doringboom is kaal. Dit het geen blare nie. En daarom geen skaduwee vir haar groot lyf nie.



Wyse Mamma Olifant kyk na al die hartseer gesigte. Sy voel baie jammer vir die diere. Sy weet dit gaan nog weke duur voor die eerste reën kom. Hoe kan sy die diere opbeur? Toe kry sy 'n slim plan.

"'n Konsert!" kondig Mamma Olifant aan. "Ja, ons gaan 'n Kalahari-konsert hou!"

Onmiddellik verander die stemming. Almal vergeet dat hulle warm en dors is. Hulle is te besig om hul vertonings vir die konsert te beplan.

"Die rooibokke gaan 'n toneelstuk opvoer," sê Itseng. "Dit sal oor familie gaan – oor hoe wonderlik dit is om baie neefs en niggies en ooms en tantes te hê!"

"Ek en Moses gaan akrobatiese toertjies doen," sê Gorata. "Moses kan ongelooflike toertjies doen deur by my nek op te klouter en dan weer af te gly."

Die ander apies wil grappe vertel. Daar is 'n gestryery terwyl hulle besluit wie die beste grapverteller is.

Mamma Olifant trompetter bo die geraas van die kwetterende apies: "Ek en my suster gaan musiek maak met ons slurpe. En jy, Rosie? Wat gaan jy in ons Kalahari-konsert doen?"

Langs die doringboom voel Rosie skaam. Daar is net een ding wat sy wil doen, net een ding waarvan sy droom.

"Ballet," antwoord sy sag. "Ek wil ballet doen!"

"Ballet?" eggo almal.

Die apies lê soos hulle lag, hou hul mae vas en swiep hul lang serte heen en weer. "Ballet? So 'n groot lomp homp en sy wil 'n ballerina wees! Dit sal die grap van die aand wees!" sê die parmantigste apie.

Maar Mamma Olifant steur haar nie aan hulle nie. "Toe, weg is julle," sê sy. "Julle moet almal gaan oefen. Ons konsert begin teen sonder."

Rosie gaan na haar geheime plek agter die granietrotse. Sy weet sy gaan almal vanaand verstom. Sy gaan 'n balletpassie uitvoer wat 'n *jeté* genoem word. Maar 'n

jeté is moeilik! Sy moet 'n kort entjie hardloop en dan hoog in die lug in spring, so hoog sy kan. Sy moet spring asof haar lyf so lig soos 'n veertjie is. En dan moet sy sag en grasieus op haar voorpote land.

Rosie oefen die hele middag. Teen die tyd dat die rotse rooi kleur in die ondergaande son, weet sy haar *jeté* is perfek. Ja, die diere gaan verstom staan! Hulle sal nooit weer vir haar lag nie!

Toe die eerste sterre begin flonker, kom die diere op die vlakte bymekaar.

Befoeterde Bobbejaan is die seremoniemeester, want hy het die hardste stem. "Dames en here, hier is die eerste vertoning van die aand: Mamma en Sisi Olifant speel 'n kwaito-nommertjie op hul slurpe."

Die diere in die gehoor klap hande en juig. Toe die olifantsusters hul kragdadige musiek begin, raak almal stil. Kort voor lank wieg almal op maat van die musiek, en toe die lied klaar is, is daar weer applous en 'n gejuig.

"En nou vir 'n paar aapgrappe," bulder Befoeterde Bobbejaan.

Van die apies se grappe is snaaks, en ander nie. En van die grappe werk net nie. Tog klap die diere hande en juig die apies toe.

Die diere voel nou beter. Hulle het vergeet dat hulle warm en dors is. Hulle wag vir Rosie om haar ballet te doen. Dit gaan seker die snaakste ding ooit wees!

Uiteindelik, na die Rooibok-familie se familievertoning en Gorata en Moses se akrobatiese toertjies, kondig Befoeterde Bobbejaan aan: "En nou vir die laaste vertoning van die aand, die hoogtepunt van ons Kalahari-konsert – ons eie ballerina, Rosie Renoster!"

Rosie verskyn op die verhoog. Sy het veldblomme agter haar ore ingedruk. Om haar groot maag het sy pienk materiaal gedrapeer, sodat dit bietjie soos 'n romp lyk.

"Hoera vir Rosie!" gil die gehoor. Die apies rol op die grond rond van die lag.

Rosie gee nie om nie – haar droom is besig om waar te word. Om vir haar *jeté* gereed te maak, hardloop sy 'n paar tree en spring so hoog sy kan in die lug op. Vir 'n vlietende oomblik voel sy of sy vlieg, lig soos 'n veer. Dan kom sy terug grond toe, nie sag of grasieus nie, maar met 'n geweldige, enorme, donderende **KADOEF!** Die grond skud soos met 'n aardbewing.



Almal hou op lag.

Hulle staar in stilte na die plek waar Rosie geland het. Daar is nou 'n groot gat in die grond. En toe ... toe gebeur die wonderlikste, heerlikste, verstommendste ding. Uit die gat spuit 'n fontein water – skoon, helder, vars ondergrondse water!

Die diere beur vorentoe, voel die koeligheid op hul velle en drink groot teue water.


"Dankie, Rosie!" roep hulle tussen die slukke deur. "Jy is die beste, wonderlikste, verstommendste ballerina ooit!"

En nie een van hul dink eens daaraan om te lag nie!

Nal'ibali fun
Nal'ibali-pret



1.



Unscramble the letters to find the names of five characters from the story, *Kalahari concert*. Can you remember what kind of animal each is? Write it down.

Skommel die letters om die name van vyf karakters in die storie, *Kalahari-konsert*, te vind. Kan jy onthou watter soort dier elkeen is? Skryf dit neer.

ESMSO _____

ARTAOG _____

EIROS _____

SKIGO _____

NGETIS _____



2.

Play this word game!


- Write down a word that is six to ten letters long.

- Use only the letters from your word in (1) to write down two words that have five letters each.

- Use only the letters from your word in (1) to write down two words that have four letters each.

- Use only the letters from your word in (1) to write down three words that have three letters each.

- How many of the words you wrote down can you use in one sentence? (You can include other words too.)



Speel hierdie woordspeletjie!

- Skryf 'n woord neer wat uit ses tot tien letters bestaan.

- Gebruik slegs die letters van jou woord in (1) om twee woorde wat uit vyf letters elk bestaan, neer te skryf.

- Gebruik slegs die letters van jou woord in (1) om twee woorde wat uit vier letters elk bestaan, neer te skryf.

- Gebruik slegs die letters van jou woord in (1) om drie woorde wat uit drie letters elk bestaan, neer te skryf.

- Hoeveel van die woorde wat jy neergeskryf het, kan jy in een sin gebruik? (Jy kan ook ander woorde insluit.)



Antwoorde: 1. Moses (monkey), Gorata (giraffe), Rosie (rhino), Kgosi (kudu), It seng (impala)
Antwoorde: 1. Moses (aple), Gorata (kameelpard), Rosie (renoster), Kgosi (koedoe), It seng (troobok)

Nal'ibali is here to motivate and support you. Contact us by calling our call centre on 02 11 80 40 80, or in any of these ways:
Nal'ibali is hier om jou te motiveer en te ondersteun. Skakel ons inbelsentrum by 02 11 80 40 80, of kontak ons op een van die volgende maniere:

www.nalibali.org www.nalibali.mobi [nalibaliSA](https://www.facebook.com/nalibaliSA) [@nalibaliSA](https://twitter.com/nalibaliSA) [@nalibaliSA](https://www.instagram.com/nalibaliSA) info@nalibali.org

Produced by The Nal'ibali Trust and Arena Holdings Education. Translation by Anita van Zyl. Nal'ibali character illustrations by Rico.

The Herald

Sowetan
IN THE KNOW ON THE MOVE.



Drive your
imagination

